higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2

(8021012)

20 November 2024 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

334Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
BEGINSELS VAN STRAFREGSPLEGING
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 ’n Term wat gebruik word om die vrywillige aanvaarding en implementering van ’n volledige regstelsel te beskryf, staan bekend as ...

A ontvangs.
B oplegging.
C transplantasie.
D kodifikasie.

1.2 Die komponente waaruit die strafregsplegingstelsel bestaan, is …

A wetstoepassing, getuies, beskuldigde, slagoffers.
B wetstoepassing, vervolging, howe, korrektiewe dienste.
C wetstoepassing, korrektiewe dienste, beskuldigde, slagoffers.
D wetstoepassing, NRO’s, vervolging, hof.

1.3 Watter EEN van die volgende is nie ’n doel van die Nasionale Vervolgingsgesag nie?

A Om misdaad te verminder
B Om tot afwesigheid van misdaad by te dra
C Om maatskaplike ontwikkeling te bevorder
D Om die beste belang van kinders in siviele geskille oor ouerlike regte en verantwoordelikhede te bevorder en te beskerm

1.4 Audi alteram partem beteken …

A ’n beskuldigde is onskuldig totdat sy/haar skuld bewys word.
B die ander party het die reg om hul saak te stel.
C die publiek word nie in die hof toegelaat nie.
D op sigwaarde.

1.5 Die hofordonnans ...

A tolk uit een taal in ’n ander.
B verly dokumente.
C besluit of ’n beskuldigde skuldig of onskuldig is.
D roep getuies na die getuiebank.

1.6 Watter EEN van die volgende is nie ’n voorbeeld van minagting van die hof nie?

A Om die voorsittende beampte te dreig
B Om behoorlik in die hof geklee te wees
C Om dronk in die hof te wees
D Om met staatsgetuies in te meng

1.7 Stare decisis is … .

A ’n Latynse term wat beteken om te staan by sake wat beslis is.
B reg om in die hof te verskyn.
C rede vir die beslissing.
D op sigwaarde.

1.8 ’n Skriftelike bevel vir ’n beskuldigde om in die hof te verskyn is ’n … .

A interdik
B dagvaarding
C subpoena
D beëdigde verklaring

1.9 Misdaadinligting verwys na ...

A die insameling en evaluering van inligting oor misdade wat ’n gevaar vir die samelewing kan inhou.
B opdragte om sekere funksies uit te voer.
C pogings van die polisie.
D intelligente polisiebeamptes.

1.10 As jy herhaaldelik vrae in die hof stel, is dit ’n ...

A hoofondervraging.
B kruisverhoor.
C slotargument.
D herondervraging.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1.–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Assessore	A	gemeenskapspolisiëringsforum
2.2	Jeugdiges	B	die beginsel dat niemand bo die reg verhewe is nie
2.3	Oppergesag van die reg	C	’n besoek aan die misdaadtoneel
2.4	VN	D	om deur middel van ’n lasbrief iets in besit te neem
2.5	Bestraffend	E	metode gebruik
2.6	GPF	F	Verenigde Nasies
2.7	Beslaglegging	G	individue wat voorsittende beamptes by strafregtelike verrigtinge help
2.8	Restitusie	H	slegs met straf gemoeid
2.9	Modus operandi	I	kinders onder die ouderdom van 18 jaar
2.10	Ondersoek ter plaatse	J	om iets terug te gee wat weggeraak het of weggegee is

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Gebruike is skriftelike reëls of praktyke.

3.2 Huise vir bejaardes is ’n praktiese voorbeeld van vrywilligerdiens.

3.3 Die Meester van die Hoë Hof hanteer slegs bestorwe boedels.

3.4 Die doel van slagofferbemagtiging is om die verlies of skade wat deur misdaadvoorvalle veroorsaak word te herstel.

3.5 Childline is ’n gratis 24-uur-beradingsdiens vir kinders en jongmense van 19 jaar oud en jonger.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Georganiseerde misdadige handelinge om geld uit onwettige aktiwiteite te maak.

4.2 Die hoeveelheid geld wat deur die beskuldigde betaal moet word as 'n waarborg dat hy of sy in die hof sal verskyn.

4.3 Om op groot skaal te verwoes of dood te maak.

4.4 'n Organisasie wat terminale mense help.

4.5 'n Uiters ontstellende ervaring.


(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.



Kaapstad – Aangehoudenes wat in tronke aangehou word terwyl hulle wag om verhoor of gevonnis te word, is 'n groot bydraende faktor tot oorbewoning by Pollsmoor-gevangenis, wat byna 300% bo kapasiteit vol is, het Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste, Michael Masutha, Vrydag gesê.

"Daar is nie 'n toepaslike regstatus op hulle van toepassing nie; hul verblyf [in die tronk] kan 'n dag, maand, jaar, selfs vyf jaar wees terwyl appèlle voortduur. In die tussentyd het ons 'n situasie van onvoorspelbaarheid wat bydra tot die probleem om die situasie effektief te hanteer," het hy aan News24 gesê.

Masutha het daarop gewys dat die finalisering van hierdie sake die hof se verantwoordelikheid was en derhalwe iets waaroor Korrektiewe Dienste geen beheer het nie.

Hy het Vrydag met News24 gepraat nadat die Wes-Kaapse Hoë Hof vroeër vandeesweek beslis het dat die tronkbevolking by die Pollsmoor-uitstel-aanhoudingsfasiliteit binne die volgende ses maande tot 150% van sy akkommodasievermoë verlaag moet word.

[Vertaal uit: *News24,* 23 Desember 2016]

5.1 Noem TWEE verantwoordelikhede van Korrektiewe Dienste. (2)

5.2 Noem VIER regte van oortreders rakende hul behandeling, wat die Departement van Korrrektiewe Dienste is kragtens die Grondwet verplig is om te respekteer. (4)

5.3 Watter doelwitte wil die Departement van Korrektiewe Dienste bereik? (5)

5.4 Bespreek kortliks die proses wat gevolg moet word sodra 'n gevangene in die gevangenis opgeneem word. (4)

5.5 Verduidelik wat in die gevangenisregister opgeteken behoort te word. (3)

5.6 Op watter maniere help die Departement van Korrektiewe Dienste 'n oortreder om ná vrylating in die samelewing herintegreer te word? (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

6.1 Gee TWEE voorbeelde van resepsie. (4)

6.2 Noem SES artikels wat herwin kan word. (6)

6.3 Definieer die beginsel van herstellende geregtigheid. (4)

6.4 Wat moet voorberei word sodra 'n aanklaer besluit het om 'n vervolging in te stel? (1)

6.5 Bespreek kortliks wat die Grondwet met betrekking tot die akkusatoriese regstelsel bepaal. (5)

6.6 Verduidelik die voordele van vrywilligerdiens. (6)

6.7 Wat is die doelwitte van die SAPD ingevolge die Suid-Afrikaanse Grondwet? (4)

[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

VRAAG 7

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.



MISBHANDELING van vroue en kinders in Suid-Afrika is ’n realiteit. Slagoffers moet berading ontvang om hul genesing te verbeter. Ondanks die feit dat huishoudelike mishandeling en geweld teen vroue en kinders dikwels onderrapporteer word weens die slagoffer se vrees, bly statistieke van mishandeling wat in Suid-Afrika ervaar en aangemeld word uiters hoog, aldus Courtney Greene, arbeidsterapeut by Akeso-kliniek.

MISHANDELING GEDEFINIEER

Mishandeling word deur die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) gedefinieer as “’n enkele of herhaalde handeling, of gebrek aan toepaslike handeling, wat in enige verhouding plaasvind waar daar ’n verwagting van vertroue is, wat skade of nood veroorsaak”. Hierdie breë definisie van misbruik sluit in vyf subtipes, naamlik fisieke mishandeling, seksuele mishandeling, verwaarlosing en nalatige behandeling, emosionele mishandeling en uitbuiting.

[Vertaal uit: *News24*, 22 Maart 2018]

7.1	Definieer die term *slagoffer*.	(2)
7.2	Verduidelik die konsep *slagofferbemagtiging.*	(3)
7.3	Verduidelik die funksie van slagoffer-oortreder-dialoog.	(4)
7.4	Gee DRIE uitkomste wat met herstellende geregtigheid verband hou.	(3)
7.5	Waarvoor staan BKG (‘CWP’)?	(1)
7.6	Noem die regte wat in die slagofferhandves vervat is.	(7)
		[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou